



In hierdie uitgawe:

- ◆ *Woord deur die voorsitter* p1
- ◆ *Sien ons nog kans om te lewe en te sterwe vir Suid-Afrika* p2
- ◆ *Rasse onewehandigheid* p4
- ◆ *Die rasdebat ontken groter probleem* p6
- ◆ *Versigtig met fopnuus* p7
- ◆ *Hande af van die ekonomie* p8

Woord deur die Voorsitter

*Deur Jaco Schoeman,
Voorsitter van die Nasionale Raad*

Die jaar 2017 het afgeskop en somer binne die eerste maand het ons reeds baie opwinding en stormlopië gesien wat 'n opwindende jaar voorspel. Selfs die Varsity-beker het binne die eerste week 'n rits verrassings gelever.

In terugskoue van 'n moontlik reeds lang vergete vakansie is dit soms net glans oomblikke wat nog vassteek soos die onverwagse raakloop van 'n vriend uit vergange se dae. So was dit met my hierdie afgelope vakansie.

Anders as die gestruktureerde vergaderings en afsprake van die jaar wat dikwels 'n agenda het, soms 'n versteekte een, is die raakloop van 'n vriend by die strand 'n borrelende geleentheid van spontane emosies en herinneringe vol lag en net soms, 'n traan.

Nadat ons die 1971 Suid Kaap derby tussen Kwaggas-Struisies - Oudtshoorn en Outeniqua (ons was teen mekaar) kleurryk herleef het, en ek dink ook aangedik het, het ons gesprek die pad gevat na Universiteit rugby en dit wat in en om Coetzenburg se waterstroom afgespeel het maar meer nog, verlore kanse rondom *Coetzenburg se waterstroom*.

Dit is egter my vriend se aanhaling van Dr Craven tydens 'n Matie oefening wat my bygebly en bly jaag het die res van die vakansie tot nou hier diep reeds in die nuwe jaar. Dr. Craven het 'n oorversigtige Matie senter voor stok gekry en vir hom gesê "Kyk na Goggie, (Goggie van Heerden), hy doen alles op spoed,, al vang hy 'n gap of 'n knock", hy doen dit minstens op vol spoed."

Waar die wedstrydplan van die meeste spanne in Suid Afrika baie duidelik is, weet ons minstens wat die uitdagings vir hierdie jaar gaan wees. Dit gaan hoofsaaklik 'n losgemaal tussen Rewolusie en Rebellie wees. Baie energie van een span gaan verspeel word op die vuilspel van 'n verkiesing van 'n nuwe kaptein. Daar is reeds politieke spelers af, hopelik nie beseer nie, en het 'n nuwe impakspeler ook reeds op die veld verskyn met die opdrag, vat die vuil spelers van korrupsie vas.

Die spel gaan hoofsaaklik tussen die lyne van sosialisme en vryemark beginsels wissel. In hierdie losgemaal kan ons weer baie steelhoue verwag soos verdagmakery, wit kapitaal, onteining en korrupsie.

Die spel gaan hoofsaaklik tussen die lyne van sosialisme en vryemark beginsels wissel. In hierdie losgemaal kan ons weer baie steelhoue verwag soos verdagmakery, wit kapitaal, onteining en korrupsie, Die SONA wat gespeel gaan word diep in die speelgebied van die een span
(Vervolg op p2)

As Afrikaners bou ons saam aan die toekoms van Suid-Afrika

Woord deur die Voorsitter (verv)

binne 'n week kan baie maklik in 'n onstuitbare losgemaak ontwikkel indien al die verdedigingspatrone nie opgestel is nie. Dit gaan baie krag tap en daar sal diep gedelf moet word om ontoelaatbare spel te stuit.

Nuwe sterk innoverende spel oor dekolonialisering gaan op by elke moontlike geleentheid gebruik word, Die bal gaan redelik geskop word tussen die Afrosentriese en Eurosentrise lyne en in die middel gaan klomp spelers rondstaan, lus vir speel en moeg vir kyk. Baie van hulle is vlugvoetig en lus en gereed en propvol opwindende spel wat hierdie 'n aanskoulike en genotvolle wedstryd kan maak maar hulle moet eers die bal kry.

Hoewel van die ou staatmakers gevaarlik struikel oor hul eie voete omdat die "bagasie" wat hul dra te swaar raak, terugbeur na die verlede, moeilik weg beweeg van hul eie doellyn, is daar ook die wat aan die wedstryd wil deelneem, maar nie eers die Nasionale lied kan of wil sing nie.

Boonop is daar sterk twyfel of die derde skeidsregter wel opgedaag het maar meer nog, onsekerheid of die tegnologie werk sodat hy sy werk kan doen. Hierdie wedstryd kan 'n riller word.

Die huidige termyn van die Nasionale Raad van die Afrikanerbond loop eersdaags ten einde en is die nuwe lede van die Nasionale Raad in die meeste provinsies reeds aangewys. Ek wil graag my hartlike dank uitspreek teenoor die Nasionale Raad, die Streeksbesture, afdelings en meelewende lede van die Afrikanerbond vir steun, deelname en voorbidding vir die afgelope termyn. Die rugsteun van die kantoor en sy personeel was kosbaar. Dit was 'n voorreg om dit alles intens te belewe en niemand kan onaangeraak daardeur gaan nie.

Die nuwe NR konstitueer op 23 en 24 Februarie 2017. Dit is my wens dat die nuwe leiers die bal op vol spoed ontvang, bres slaan vir nugter denke en leierskap en reuse tree gee om Afrikaners met kragspel in staat te stel om waardevolle punte op die telbord te plaas. Daarvoor is 'n kraglopie nodig en mag dit net gerade wees om 'n blaadjie te neem uit die reëlboek *Kaburu – Deon Opperman*

"Jy vergeet waar ek vandaan kom, swaer. Jy vergeet wie my voorouers was. Die stof van hierdie land is in elke been van my lyf. As julle wil kom, dan moet julle kom; as julle my jaag, jaag ek terug. As julle my onderdruk, druk ek terug. En as julle slim raak, raak ek slimmer, want 'n boer maak 'n plan en hy leef nie in vrees nie. Ek het respek vir al die mense van my land en ek verwag dat hulle dieselfde respek aan my moet betoon. En enige mens wat nie my bestaansreg kan aanvaar nie, of wil erken nie, sal ongelukkig op die harde manier moet leer wat dit beteken om die strydbyl teen my op te neem. Ek ken van vegter wees. Het al baie sandsakke gedra. My lot is hier, of dit nou enige ander landgenoot pas of nie. Soos ek julle verduur, kan julle my verduur. En as dit jou dwars in die krop steek, het ek eenvoudige raad: Sluk, boeties, sluk, want ek is 'n Afrikaan. Ek kom van die stam wat hulle in Afrika die naam Kaburu gegee het en ek gaan nêrens heen nie." ❖

Sien ons nog kans om te lewe en te sterwe vir Suid-Afrika?

Geagte vriend,

Op 16 Desember 2016 het lede van ons familie besluit om by wyse van 'n verandering, en om 'n interkerklike visie van die viering van Geloofte- of Versoeningsdag in ons groter omgewing te kry, die Gelooftefeesviering by die Waterval Gelooftefeesterrein (suid van Northcliff) in Johannesburg by te woon. Die diens en rede is gelei deur dr. Christo Naude van die Nederduits Gereformeerde Kerk en hy het vyf waardes opgenoem wat ons op of vir Gelooftefeesdag behoort te oorweeg. Baie kortliks kom dit op die volgende neer:-

Betroubaarheid - ek tree bestendig op, want ek het my gewete verbind tot 'n sekere optrede of onderneeming. Ek span my wilskrag in om dit, waartoe ek my verbind het, uit te voer.

Opregtheid - "Here wie mag vertoef in u tent? Wie mag woon op u heilige berg? Hy wat opreg wandel en geregtigheid doen, en wat met sy hart die waarheid spreek." (Ps 15:2). Opregtheid het eerstens te doen met 'n verhouding met God. Opregtheid is die bereidheid om te doen wat reg is met deursigtige motiewe. "Hier staan ons voor U, 'n handvol gelowiges, teen 'n oormag!"

(Vervolg op p3)

Lewe en sterwe vir Suid-Afrika? (verv)

Geloof - om staat te maak op God, MAAR ook te glo dat God staatmaak op my. Anders, hoekom pak ek die uitdaging, die geveg aan? Om aan te neem dat God goed wil wees teenoor ons in 'n benarde situasie? Om seker te wees dat God almagtig is en kan toetree?

Waagmoed - die bekamping van vrees vir die dood. Moed om te waag sonder om die resultaat voor die tyd te bepaal. Vertrou dat ons dit kan doen. Om te staan by wat ons ons voorge neem het. Om in jou siel oortuig te wees van jou optrede. Om inisiatief aan die dag te lê. Waagmoed inspireer bemoediging en bemoediging inspireer waagmoed

Betrokkenheid - "Aangesien ons die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing (as trekkers-CN) — neem dan nou 'n eed tot eensgesindheid: een in liefde, een van hart, en in strewende. Ons doen niks uit selfsug of eersug nie, maar in nederigheid ag die een die ander hoër as homself. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan die van ander". (Filippense 2)

Na afloop van die diens, waartydens die Gelofte van 1838 ook gelees is, was daar samesang en dit is afgesluit met die sing van beide *Die Stem*, asook die *Nasionale Volkslied*, *Nkosi Sikelel' iAfrica*. Ek het albei weergawes uit volle bors saamgesing.

In die motor, op pad huis toe, vra my vrou my hoekom ek *Die Stem* ook gesing het en nie net die nuwe Nasionale Volkslied nie. Ek was verbaas en antwoord toe dat ons dit mos al die jare tydens volksfeeste gesing het. Toe konfronteer sy my met die vraag:-

"Sien jy kans om te lewe en te sterwe vir die Suid-Afrika soos dit vandag daar uitsien, met al die plaasmoorde, misdaad, verkragting, haatspraak en korrupsie soos wat ons elke dag deur die nuusmedia vernem?"

Nou, ons het twee van ons seuns in die 1980's gegroet vir nasionale diensplig, met die volle wete dat hulle miskien êrens binnelands, of op die grens van die voormalige Suid-Wes-Afrika, hul lewens sou mog opoffer vir die vaderland. Ek moes erken dat ek destyds, indien dieselfde omstandighede as vandag sou geheers het, nie self daardie offer sou wou bring nie en ook nie so geredelik ons seuns vir diensplig sou afstaan nie.

Dit, dan, is die dilemma van Suid-Afrika vandag. Ons praat versoening, maar ons word geskei deur rassisme, agterdog, selfs haat en dan natuurlik ook deur misdaad en korrupsie. Ek was vir die grootste gedeelte van my professionele en persoonlike loopbaan aktief betrokke by versoenings-inisiatiewe. Ek weet nie elke dag of ek konstant nog so sterk daarvoor voel nie... Tog ervaar ons in die alledaagse lewe soveel goedgesindheid van gewone mense onderling: by die vulstasies en by winkelkassiere, by ons huishulpe, by sportgeleenthede waar Suid-Afrika teen 'n ander land meeding en op die plase tussen die boer en sy werkers. So kan ons voortborduur oor goeie gesindhede.

Ons praat versoening, maar ons word geskei deur rassisme, agterdog, selfs haat en dan natuurlik ook deur misdaad en korrupsie.

Wyle mnr. Mandela en Biskop Tutu het graag van die *Reënboognasie* gepraat en ons het baie idealisties sterk daarvoor gevoel. Ek korrespondeer egter al vir jare met mnr. Mangosuthu Buthelezi, die bekende tradisionele leier en politikus. Aanvanklik het ek hom in die 1980's om raad gevra met my M-studie oor die tradisionele *inkatha* van die Zulu, 'n geskiedkundige magiese voorwerp in hul tradisionele volkskultuur, in teenstelling met die huidige politieke *Inkatha*. Later het ons oor landsake begin menings wissel daar ek 'n voorstander van sy destydse federale ideaal vir Suid-Afrika was. In ons laaste korrespondensie het ek

melding gemaak van die "*Reënboognasie*", maar hy het aan my geskryf dat Suid-Afrika na sy mening glad nie 'n sogenaamde reënboognasie is nie – daar is nog te veel onderlinge verskille en haat.

Dit wil vir my voorkom dat ons, die stille meerderheid van hierdie land, op mekaar aangewese is as ons 'n gemeenskap wil bou wat werklik mekaar verdra, wat gedrewe is tot versoening en eenheid. Ons voel nie om die versoeningspad te loop met diegene wat geweld voorstaan, wat haatspraak van verhoë af verkondig, en wat nie ons medeburgerskap wil erken nie! Ook nie met diegene wat hulself ten koste van gewone, eerlike
(Vervolg op p4)

Lewe en sterwe vir Suid-Afrika? (verv)

mense wil verryk nie, en wat nie 'n snars omgee of hierdie land ekonomies, maatskaplik en moreel volhoubaar sal kan oorleef nie!

Wie is dan die mense en groeperinge wat versoenbaar is, met wie ons regtig met opregte bedoelings en met hoop op standhoudende onderlinge begrip en samewerking 'n reënbooggemeenskap kan bou? Dit wil vir my

baie duidelik voorkom of die 70% plus Christene in hierdie land die beste kans het om 'n welwillende, vaste invloedsblok te vorm, om polities eendragtig te oorleef en uiteindelik te regeer as dit die Here se wil sou wees.

As ons erns daarmee wil maak om ten minste hierdie stille meerderheid van Christene te betrek en in 'n sinvolle manier saam te snoer, sal dit baie gebed en, ja, ook versoeningsinisiatiewe wat op die genoemde waardes gebou is, verg om dit tot stand te bring.

Die politieke partye wat tans nog God Drie-Enig in hul grondbeginsels erken, blyk nie regtig 'n verskil te maak en veld te wen nie. Daar sal hard gedink en gewerk moet word om samewerking en eendrag, wat op 'n Christelike inslag berus, te ontwikkel en uit te bou. Natuurlik sal dit volgehoue gebed en naasteliefde verg en uit die aard van die saak ook voldoende invloed van leiersfigure met integriteit. Dit is ook onvermydelik dat stigtings, organisasies en individuele skenkers hulself in die stryd sal moet werp om eenaarskap van hierdie ideaal te

neem en te bemark en die liefdesevangelie te help vestig.

As ons erns daarmee wil maak om ten minste hierdie stille meerderheid van Christene te betrek en in 'n sinvolle manier saam te snoer, sal dit baie gebed en, ja, ook versoeningsinisiatiewe wat op die genoemde waardes gebou is, verg om dit tot stand te bring. Dan wag daar 'n proses van verstaan en vertrou op ons, selfs oor kulturele-, etniese en taalgrense heen. Miskien is dit wat Die Stem van ons vra – dat ons sal lewe en sal sterwe (opoffer); ons vir jou, Suid-Afrika!

Maar gaan lees maar weer Psalm 85 deur en lééf die gebed saam:-

*“Wil U nie weer die lewe vir ons nuut maak sodat U volk hul vreugde in U kan vind nie?
Laat ons U troue liefde belewe; Skenk ons U reddende hulp, o Here.
Waarlik, uitkoms is naby vir dié wat Hom dien: Hy sal Sy reddende hand in ons land openbaar;
Liefde en trou sal mekaar ontmoet; geregtigheid en vrede sal mekaar omhels.
Trou sal uit die aarde opspruit, geregtigheid sal uit die hemel uit afkom.
Die Here sal voorspoed gee en ons land sal sy oes gee.
Die geregtigheid sal Hom vooruitgaan en 'n pad maak vir Sy koms.”*

Vrede, sterkte en seën vir die nuwe jaar!

Jan-Piet Bosman (80)
Randburg ❖

Rasse onewehandigheid

Deur Herman Toerien

Moontlik word met die goed-voorbereide klagtes van rassisme wat AfriForum onlangs by die SAPD ingedien het, 'n nuwe fase ingelui om die groterwordende emosionele impak van die bestaande onewehandigheid teen te werk. Op die oog af word die gemoedere nou net so veel oor die onewehandigheid van die aanspreek van rassisme omgekrap as die rassisme self.

Die probleem van onewehandigheid word verdiep deur die opvatting onder 'n groot deel van die bevolking dat hierdie onewehandigheid in die lig van verskeie faktore nie net reg is nie, maar regverdig. So skryf The Sowetan in 'n hoofartikel onder meer oor die verbintenis van die apartheidsverlede met rassisme, en die ervaring daarvan. “Post the reconciliation phases of Nelson Mandela and the rainbow project of Desmond Tutu, South Africans are like 'n rudderless ship when it comes to engaging in programs about nation building that should focus with the legacy of our racist past.” Die koerant wys ook daarop dat baie mense nog die letsels dra van apartheid, en nie afsluiting kon kry nie. Die land is steeds op rasselyne gepolariseerd.

(Vervolg op p5)

Rasse onewehandigheid (verv)

Hierdie soort uitgangspunt kan vertolk word as dat blankes wat die ras-kwessie afgeskud het en aanbeweeg het, gedwing word om self eers erg rasbewus te by tot ander vrede met die verlede kon maak. Die implikasie is dat daar verskillende grense gestel word vir wat vir swart mense en wit mense aanvaarbaar is. Uit die Kovsievverslag oor kampusgeweld word die indruk geskep dat dit wat erg rassistiese optrede deur blankes is, by swart mense eerder spraakvryheid verteenwoordig, en self terapeuties helend is.

Daar word steeds simplisties onderskei tussen wit bevoorreedes en swart benadeeldes. Dieselfde reëls kan dus nie op wit en swart van toepassing gemaak word nie.

AfriForum se besluit om formeel kriminele klagtes teen twaalf persone te lê weens beweerde rassisme op die internet, is 'n belangrike stasie op die koers na ewehandigheid oor die kwessie. Die regstegnies goedversorgde klagtes spruit alles voort uit inskrywings op die sosiale media. Ongelukkig is daar gereeld ook voorbeelde daarbuite, soos bewoording op T-hemde, optredes in restaurante en vele meer.

Daar is 'n reuse vraag redes waarom sommige mense aanvoer dat swart mense per definisie nie rassiste kan wees nie. Leopold Scholtz het onlangs op Maroela seker een van die mees omvattende

uiteensettings gegee van die "redes" wat uit veral swart bewussynskringe kom oor hoekom swart mense nie rassiste kan wees nie. Een hiervan is die kwalifikasie dat om 'n rassis te wees moet jy in die meerderheid wees, en die mag besit. Die opvatting kan uiteraard nie op die Afrikaner van toepassing gemaak word nie, hoewel sosio-ekonomiese ongelykhede in wese die plek inneem.

Op die tuisfront kyk die apologete gewoonlik vas teen die apartheidsverlede. Daar word steeds simplisties onderskei tussen wit bevoorreedes en swart benadeeldes. Dieselfde reëls kan dus nie op wit en swart van toepassing gemaak word nie, ongeag die tydsverloop en die hedendaagse probleme wat dit skep. Selfs sommige rubriekskrywers in Afrikaanse koerante se koppe is so ingesuijg in hierdie opvattinge dat hulle nie eens agterkom wanneer hulle uitgedaag word nie. (Toegegee, van die "uitgedaag" is dikwels in erg ongepoetste terme).

Max du Preez het in sy onlangse rubriek op Netwerk 24 etniese en rasmobilisering eerste gelys in wat hy die gevolge van die era van "goedkoop populisme" beskou. Daar was 'n groot onewehandigheid in die berigging en reaksie in die sosiale media oor die "vrou in die hok"-voorval (waarop die Sowetan se hoofartikel hierbo geskoei is), en die dissiplinêre verhoor wat na maande ingestel is teen 'n swart Tukkiestudent wat op Facebook geskryf het oor sy wense om wit mense oa met 'n bazooka weg te blaas.

Selfs in Julius Malema se haatspraaksaak was daar wye kritiek, ook onder wit intellektuele, oor sy skuldigbevinding. Net so was dit 'n lang proses met 'n unieke appèl binne die Menseregtekommissie om Kill the Boer, Kill the Farmer, as haatspraak verbied te kry. Desondanks is die sokkerstadion in Polokwane na die voorsanger vernoem. By Wits is besonder siek bewoording op mure en T-hemde as nie haatspraak nie bevind, maar as vryheid van spraak.

Die frustrasie oor onewehandigheid is nou al dikwels so groot dat dit moeilik is om te bepaal of die onewehandigheid, of die haatspraak / rassisme self teen wittes die meeste tot die vuurstoking bydra.

'n Goeie voorbeeld is die gelekte verslag oor geweld op die Kovsiekampus, wat veral wentel om die gebeure by 'n Varsity-rugbywedstryd waar betogers 'n hek gebreek het, mense uit die pad gestorm het, 'n dame met 'n megafoon oor die kop katswink te slaan, 'n rugbywedstryd onderbreek (met die idee om dit op te skort) en "vreedsaam" te betoog.

Dit kom ook daarop neer dat mense wat juis toegerus moet wees om versoening in die hand te werk, so eensydig te werk gaan dat hulle meer skade as goed doen.

Hoewel betreklik min mense die verslag te lese gekry het, was daar talle briewe in die media wat die onewehandigheid in die verslag veroordeel. Daar is feitlike onjuisthede in die verslag wat maklik voorkom kon wees deur die regte inligting by die regte mense te bekom. Verally die Sentrum vir Versoening en Maatskaplike Geregtigheid se aandeel tot die verslag word veroordeel. Dit kom ook daarop neer dat mense wat juis toegerus moet wees om versoening in die hand te werk, so eensydig te werk gaan dat hulle meer skade as goed doen.

(Vervolg op p6)

Rasse onewehandigheid (verv)

Solidariteit voeg ook die verslag by sy bestaande portefeulje oor rassisme wat deur die staat bedryf word, en wat deur 'n VN-komitee wat alle vorme van rassisme uit die weg probeer ruim, ondersoek word. En dan staan dit nog in die konteks van die stappe om met Afrikaans min of meer weg te doen terwyl die appèlsaak nog hangende is. Die nuwe Kopsierktor gaan gou 'n formidabele taak hê om te vervul.

Die boodskap moet eenvoudig nou inslaan – rassisme en haatspraak is nie in die haak nie, ongeag of die pleger wit of swart is.

Die boodskap moet eenvoudig nou inslaan – rassisme en haatspraak is nie in die haak nie, ongeag of die pleger wit of swart is. Die liggame wat hieroor gestel is moet ook besef dat die aanspreek hiervan ewehandig moet geskied, as daar enigsins erns met bepaalde versoeningsinskrywings in die grondwet gemaak wil word. Dit neem nie die feit weg dat elke landsburger daagliks op haas elke kontakvlak 'n verantwoordelikheid het om versoening na te streef nie. En as versoening nou as gevolg van al die rasonregte te dwars in die maag gaan lê, minstens nie die konflikpotensiaal aan te blaas nie. Dit geld ook die president wat die laaste ruk al hoe meer die rassetamboer slaan en hom nou ook al 'n paar klagtes van haatspraak by die Menseregtekommissie op die lyf geloop het – 'n skynbaar lamlendige grondwetlike liggaam wanneer dit by hierdie soort sake kom. ❖

Die rasdebat ontken groter probleme

**Deur Jan Bosman
Hoofsekretaris van die Afrikanerbond**

Ons moet ernstig bekommerd daarvoor wees dat 2016 net soos die voorafgaande jare beoordeel sal word as 'n terugwaartse stap na 'n samelewing wat weer deur rassisme verdeel word. Indien Suid-Afrika wil aanspraak maak op 'n nie-rassige demokrasie sal daar ernstig besin moet word oor die openbare uitsprake en verklarings jaar na jaar gemaak word. Daar is beslis 'n toename in rassistiese ondertone, haatspraak en op-ruiende rasgebaseerde uitsprake. Veral witmense loop deur en word kwistig as rassiste, onderdrukkers, neokolonialiste en ander skeldname toegevoeg. Die koers van die huidige debat is daarop gerig om witmense uit te maak as ewige rassiste en swartmense as die ewige slagoffer.

Het rassisme nie dalk net die versiersuiker geword waaronder groter en erger spanninge in die samelewing verdoesel word nie. 'n Standpunt wat grootliks verlore geraak het, is die siening van die redakteur van City Press, Mondli Makhanya, wat op 4 Desember 2016 in sy koerant onder die opskrif. “Die demoon is nie dood nie” die siening huldig dat die verenigde front teen apartheid die stam en kultuurverskille tussen die swartmense van Suider Afrika tot 'n mate getemper het. Hy sê dan dat dit eers gedurende die ANC se ballingskap jare was dat stamgebondenheid begin kop uitsteek het en dat mense hulself langs kulturele lyne begin groepeer het.

“Die verenigde front teen apartheid het die stam en kultuurverskille tussen die swartmense van Suider Afrika tot 'n mate getemper.”

Sy harde woorde begin eers later wat hy dan sê dat “Suid-Afrikaners het in hul denke heel arrogant gemeen dat stamgebondenheid en kulturele konflik elders hoort. Ons het geglo dat sulke agterlike neigings nooit hier sal wortelskiet nie.”

En dan maak Mondli Makhanya die volgende bevinding: “Die spanning tussen Venda en Tsonga sprekers in Vuwani in Limpopo het as 'n skok gekom. Dit moes nie gebeur het nie. Net soos ras, was die bestuur van kulturele verskille een van die dinge wat ons toegesmeer het tydens ons reis na normaliteit. Ons het 'n verenigde front teen apartheid gehad, ons het gedink dinge sou natuurlik gebeur. Maar ons moes die gevaartekens lankal sien kom het.”

Sy gevolgtrekking is dat die spanning in Venda die “kollektiewe mislukking is van 'n nasie in ontkenning oor die probleme wat nog steeds verberg word. Ons wil eerder roem oor ons diversiteit as om iets daaraan te doen, dit te koester en te verskans.”

'n Besprekingsdokument van die Afrikanerbond in 2003 het die tema rondom rassisme reeds volledig behandel en enkele voorstelle gemaak. Dit is dalk nodig om die gedagtes weer af te stof en opnuut te besin oor die

(Vervolg op p7)

Die rasdebat ontken groter probleme (verv)

wyse waarop daar nie net met ras gehandel moet word nie maar ook met die diep kulturele en stamgebonde verskille wat die volle diversiteit van Suid-Afrika uitmaak.

“Pogings om taaldiversiteit te bevorder is allerweë afgemaak en beskou as verskansing van wit voorregte. Diversiteit is ‘n gegewe in Suid-Afrika maar ons praat net daaroor.”

Mondli Makhanya is heeltemal reg as hy sê “Ons wil eerder roem oor ons diversiteit as om iets te doen daaraan, om dit te koester en te verskans”. Pogings om taaldiversiteit te bevorder is allerweë afgemaak en beskou as verskansing van wit voorregte. Diversiteit is ‘n gegewe in Suid-Afrika maar ons praat net daaroor. Pogings om dit te bevorder word gerieflik afgemaak as rassisme en teen die gees van nasiebou en eenheid. Hoe lank gaan ons nog die Suid-Afrikaanse werklikheid ignoreer en die spanninge tydelik probeer toesmeer?

Die 2003 besprekingsdokument het die volgende gesê: 'n Resep vir die volkome sanitasie van rassegesindhede in ons hoogsgekompliseerde samelewing is meer as waarvoor 'n mens kan hoop. Ons moet egter daaraan werk om die situasie te verbeter. Om dit te kan doen, moet ons -

- 'n politieke atmosfeer ontwikkel wat nie minderheidsrassisme wat in vrees gewortel is, aanmoedig nie;
- die wydverspreide bestaan van rassevooroordele erken en 'n hoogheilige houding afskud;
- die onmoontlikheid daarvan aanvaar om vooroordeel met behulp van wetgewing uit te roei;
- aanvaar dat kultuur- en taaldiversiteit 'n nasionale bate is wat 'n las sal word as dit geïgnoreer, gemarginaliseer of onderdruk word;
- die bitsigheid uit die gesprek oor diversiteit verwyder;
- ongedwonge blootstelling aan rasse- en kulturele diversiteit op ewe-knievlak en deur gebalanseerde opvoedkundige en ontwikkelings-programme bevorder, en
- ophou om die opkomende geslag aan die hand van rasseoorwegings te straf vir die oortredings en houding van vorige geslagte.

Die standpunte van 2003 is in 2017 net so geldig. Maar dit is nodig dat ons besef dat dit nie net uit 'n wit perspektief gelees moet word nie, maar ook uit 'n swart perspektief. Dat dit nie net wit en swart is nie, maar dat daar ook diep kulturele en stamgebonde verskille is en dat daar geweldig baie gedoen moet word om begrip en respek te kweek. Diversiteit is immers 'n Suid-Afrikaanse probleem, maar dit kan eweveel 'n ongelooflike bate word, mits ons ophou om dit onder die dekmantel van rassisme te wil verberg. ❖

Versigtig met Fopnuus

Deur Johan Mostert

Fopnuus het in die jongste tyd oral op die internet kop uitgesteek. Dit is 'n onlangse verskynsel en verwys na die publisering van nuus met die doel om te mislei, propaganda te bedryf of disinformasie te versprei. Ook die Afrikaanse sosiale media het hierdie verskynsel nie vrygespring nie. Dit was veral berigte van regse webwerwe vanuit die VSA wat die rondtes begin doen het en onnadenkend deur ontvangers die wêreld ingestuur is onder die indruk dat dit ware nuus bevat. Verwonge berigte om Obama te diskrediteer en alarmistiese berigte oor die sogenaamde Moslem gevaar was van die gewildste onderwerpe wat gesirkuleer is.

Dit kom voor of heelwat Afrikaners daarvoor geval het. Berigte met gruwelike verdraaiings is onkrities aangestuur. Daar bestaan 'n groot gevaar dat die waarheid 'n slagoffer word in die stryd om persepsies, want dit is waaroor dit in finale instansie gaan. Wanneer valse berigte reggestel word en die regstelling strook nie met die intuitiewe en dikwels naïewe aanvoeling van die ontvanger nie, word dadelik gevra: nou hoe weet mens wat is waar? in 'n poging om die regstelling te diskrediteer. Hoewel dit nie altyd moontlik is om die waarheid te bepaal nie, is daar tog maniere waarop dit in die oorgrote meerderheid gevalle bepaal kan word. Van die belangrike kriteria waarna gekyk kan word, is byvoorbeeld:

Hoe betroubaar is die bron? Wat is die bron se ideologiese oriëntasie?

Daar bestaan 'n groot gevaar dat die waarheid 'n slagoffer word in die stryd om persepsies, want dit is waaroor dit in finale instansie gaan

(Vervolg op p8)

Versigtig met Fopnuus (verv)

Strook die inligting met dit wat reeds bekend is? Indien dit afwyk, hoe geloofwaardig is die afwyking? Die probleem is egter dat hierdie soort beoordeling in meeste gevalle net deur mense gedoen kan word wat 'n situasie sistematies monitor. Ongelukkig is daar talle mense wat net (sekere) openbare media raadpleeg en hulleself dan as kenners ag en somer ook die vrymoedigheid neem om absolute "waarheidsuitsprake" te maak oor allerlei gebeure van die dag. Dit is verstommend hoeveel "kenners" oor die VSA in die onlangse verlede hier in Suid-Afrika ontluik het. Hulle weet presies hoe goed of sleg Donald Trump is en wat hy vir Suid-Afrika gaan beteken!

Die gereelde en sistematiese lees van berigte uit erkende bronne oor 'n bepaalde onderwerp skep mettertyd 'n aanvoeling vir die kwessies wat ter sprake is.

Vir die persoon wat nie daagliks met die gebeure te doen het nie, is daar egter kriteria wat kan help om te oordeel of berigte wat gevraag in die posbusse van die sosiale media beland waar of vals is. Hou in gedagte dat daar webwerwe in die VSA is wat doelbewus vals inligting fabriseer. Dit is hoofsaaklik berigte van regse oorsprong wat by ons onder aandag kom.

Van die belangrikste om in ag te neem by die beoordeling van 'n berig, is:

Is die berig alarmisties? Indien ja, plaas dadelik 'n vraagteken daaragter. Tekens van alarmisme is onder meer die "onthulling" van 'n geheime komplot; en die vryelike gebruik van byvoeglike naamwoorde wat die emosies stimuleer maar nie die feitlikheid verhoog nie.

Kyk watter bronne word gekwoteer. Watter politieke spel probeer die bron speel? Heel dikwels word die oorsprong baie vaag aangedui of sogenaamde kenners van wie niemand nog gehoor het nie word as gesagsbron aangehaal. Fopbladsye is lief om te sê iets is "wetenskaplik bewys" sonder dat daar enigsins aangetoon word waar die eksperiment uitgevoer is of wie dit gedoen het.

Kyk na die voorkoms van die webblad. Het dit 'n professionele voorkoms? Van die meer alarmistiese webblaie is getooi in helder kleure en ontwerp om indruk te maak op die sintuie, nie die intellek nie.

Die gereelde en sistematiese lees van berigte uit erkende bronne oor 'n bepaalde onderwerp skep mettertyd 'n aanvoeling vir die kwessies wat ter sprake is. Oor tyd ontwikkel daar 'n aanvoeling vir wanneer iets nie reg lyk nie – die onsinverklikker skop dan dadelik in. Dit is egter nie altyd 'n juiste oordeel nie, maar dit hys wel die gevaarlag wat sê: wees versigtig om nie somer die berig as die waarheid te aanvaar nie.

Die beste manier vir die leek om te oordeel of iets waar is of nie, is om dit te kontroleer aan die hand van ander inligting wat onder meer deur 'n soektog op die internet gedoen kan word. Die vinnigste is om webwerwe van instansies wat werk daarvan maak om vals berigte en voorstedelike legendes (*urban legends*) aan die kaak te stel, te besoek. Bekendes is *FactCheck.org*, *PolitiFact.com*, en *Snopes.com*. Laat dit nie van lede van die Afrikanerbond gesê word dat ons ons deur slaprieme laat vang het nie. Laat ons daarop bedag wees om nie twyfelagtige berigte aan te stuur nie. Ons moet verhoed dat ons onself skuldig maak aan die verspreiding van bedenklike materiaal. Beter nog, kom ons kanselleer alle inskrywing op webblaie wat hierdie soort materiaal fabriseer. ❖

Hande af van die ekonomie

Deur Jan Bosman, Hoofsekretaris

Volgens aanduidings is die ANC nou beleidsmatig besig om Suid-Afrika al meer na 'n ontwikkelingsstaat te neem. Fin24 verwys na Jeremy Cronin, wat in sy kapasiteit as SAKP lid gesê het: "n Ontwikkelingsstaat is 'n aktiewe staat met die kapasiteit om in te gryp in die ekonomie ten einde transformasie te koördineer en te dryf." Dit is en bly 'n baie gevaarlike standpunt en kan uiters destruktief wees in sy toepassing.

Die neiging is ook al hoe meer na 'n welsynstaat met 17 miljoen ontvangers van welsynstoelaes uit 'n kleiner wordende belastingbasis. Prof. André Roux, hoogleraar in ekonomie aan die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB), word aangehaal in Netwerk 24 op 30 Januarie 2017 waar hy vra hoe dit toegelaat kan word dat "'n land groei van net 1% toelaat, en eerder groei van minstens 3% moet eis" Hy sê verder "ons moet as land nie oor die huidige ekonomiese toestand terneergedruk of moedeloos voel nie. Ons moet woedend en onvergeeflik wees."

(Vervolg op p9)

Hande af van die ekonomie (verv)

Woedend en onvergeeflik oor die ekonomie - Ek is opnuut herinner aan mev Margaret Thatcher in die film The Iron Lady wat ek weer oor die Desember vakansie gekyk het. Die treffende film handel oor die Britse Eerste Minister mev Margaret Thatcher, en lig enkele momente uit van haar politieke loopbaan. Mev Margaret Thatcher se rol word baie knap gespeel deur Meryl Streep. Aan die einde van haar loopbaan en toe sy in botsing begin kom met haar eie ministers sê mev Thatcher die volgende in 'n toneel van 'n kabinetsvergadering, vry vertaal uit Engels: “Watter absolute nonsens. Dit is doodeenvoudig. Om te bly in hierdie land, moet

“Ons moet as land nie oor die huidige ekonomiese toestand terneergedruk of moedeloos voel nie. Ons moet woedend en onvergeeflik wees.”

jy betaal vir die voorreg - iets, enigiets! As jy niks betaal nie, gee jy niks om nie. Wat gee jy dan om waar jy jou vullis gooi? Jou munisipale raad behuising is 'n gemors, jou dorp, graffiti, wat gee jy om? Dit is nie jou probleem nie, dit is iemand anders se probleem. Dit is die regering se probleem.”

Dan sê sy met verwysing na haar kollegas: “Sommige van julle se probleem, is dat julle nie die moed het om te baklei nie. Julle moes nie hard veg om iets te kry in die lewe nie. Alles is vir jul-

le gegee - en julle voel skuldig daaroor! Namens almal wat wel moes veg en baklei om iets in die lewe te kry en om hul pad boontoe te veg (en wat nie skuldig voel daaroor nie) ons neem aanstoot teen diegene wat neem, neem, neem, en niks bydra tot die gemeenskap nie!” Ons weet wat die politieke gevolge vir mev Margaret Thatcher was en haar standpunte was. Dit is egter asof daar weer momentum is vir die tipe sienswyse na onlangse wêreldgebeure.

Wat is dan die geldigheid van die opmerkings in 2017 en hoe word dit van toepassing gemaak in 'n land soos Suid-Afrika. Moontlik praat ons uit 'n posisie van bevoorregting soos wat ons nou geïndoktrineer is om te dink. Enige sienswyse wat dalk konserwatief is wat 'n vryemark ekonomie insluit word onmiddellik verdag gemaak. Wat skynbaar nie besef word nie is dat die staat nie die armoede en werkloosheid in Suid-Afrika kan aanspreek nie. Geen staatsinmenging sal dit kan bewerkstellig nie, en die skinkbord-ekonomie wat Suid-Afrika se ekonomie kenmerk deurdat slegs enkeles in die politieke elite bevoordeel word met SEB en miljoene afhanklik word van die welsynstaat is nie volhoubaar nie. Die afhanklikheid wat deur bogenoemde ekonomie gekweek word is ramspoedig en word die kloof tussen arm en ryk al hoe groter. Die ontvangers word meer as die wat bydraes lewer.

Veel eerder kan daar uit die verlede geleer word en is die Afrikaners se selfhelp programme net so, indien nie meer toepaslik, op vandag se omstandighede. Prof HB Thom, rektor van Stellenbosch Universiteit sê by geleentheid in 1956: *“Jarelank het die Afrikaner teen armoede geworstel. Ons het aanskou hoe talle Afrikaners welvarend geword het, hoe Afrikaners op die platteland goeie inkomstes uit hul boerdery gekry het en hoe Afrikaners in dorpe en stede 'n groter aandeel aan die professies en aan die handel en nywerheid begin neem het. Daar het ook 'n groot wonderwerk plaasgevind, die kwellende, aangrypende probleem van honderde duisende blanke armes het verdwyn. Dit is waar dat ons kongresse en ander vergaderings gehou het en naarstiglik na weë en middele gesoek het om hierdie probleem op te los, dit is waar dat baie van die armes na die dorpe en stede gegaan het waar hulle ten gevolge van 'n ongekende toename in werksmoontlikhede nuwe middele van bestaan gevind het.”*

Dr MS Louw mede-hoofbestuurder en later besturende direkteur van Sanlam sê by die ontvangs van die eerste Verwoerdprys in 1965 o.a. *“...Ons kan nie ons regmatige deel van die handel en nywerheid opeis nie. Ons kan dit deelagtig word alleen deur daarvoor te werk – met ons eie kragte en ons eie spaargelde. Ons moet as ondernemers optree in die sakewêreld, en ons eie ondernemings stig en uitbou – skeppingswerk doen.”*

“Dit kan voorts nie beteken dat mense met politieke bande, maar sonder die nodige kwalifikasies, ontplooi word en rade met vriende gelaai word terwyl politici voortdurend inmeng nie.”

Prof. Piet Naudé, direkteur van die Universiteit Stellenbosch se sakeskool skryf onlangs op Netwerk24 “As ons 'n politieke oorgang en 'n nuwe grondwet onder erge druk kon onderhandel, kan ons tog sekerlik 'n gesamentlike ekonomiese visie en beleidsekerhede (met die Nasionale Ontwikkelingsplan as konsensussoekende dokument) onderhandel? Staatsbeheerde ondernemings: Daar word veel van 'n “ontwikkelingstaat” gemaak, maar ons sal nie geredelik saamstem oor wat dit in die praktyk beteken of wat presies die staat se rol behoort te wees nie. Wat dit egter nie kan beteken nie, is dat staatsmonopolieë op kritieke gebiede soos die uitsaaiwese, e-
(Vervolg op p10)

Hande af van die ekonomie (verv)

nergie en vervoer van een krisis na die volgende bestuur word, terwyl meer hulpbronne verbruik word as wat hulle ooit kan bydra. Dit kan voorts nie beteken dat mense met politieke bande, maar sonder die nodige kwalifikasies, ontplooi word en rade met vriende gelaai word terwyl politici voortdurend inmeng nie.”

Suid-Afrika sal eers ekonomiese vryheid bereik indien ons kan ooreenkom dat ons minder moet praat in terme van swart Suid-Afrikaners se aandeel van die ekonomie, maar meer in terme van hulle bydrae tot die ekonomie. Dit kan slegs bereik word indien daar 'n besef kom dat niemand 'n groter deelname in die ekonomie kan opeis sonder eie inisiatief en harde werk nie.

Hierdie waardes en sienings rondom harde werk, verdienste, meriete en eie inisiatief is egter uiters ongewild, dit is tot 'n mate verwoord deur mev Margaret Thatcher en dit word ook op 'n wyse, dalk lomp en dalk bombasties gestel deur Donald Trump. Om mense opnuut weer in vakkies te plaas en neerhalend af te kraak is nie die antwoord nie.

Dawie Roodt, hoofekonoom van die Efficient Groep sê oor die ontwikkelingstaat” . Die staat het die afgelope klompie jare 'n al hoe groter rol in die ekonomie begin speel. Drome oor 'n ontwikkelingstaat en 'n wanbegrip van die belastingbetaler se vermoë om die drome van politici te finansier het ook bygedra tot die staat se benarde finansies. Herbesin oor die staat se rol en herprioritiseer staatsuitgawes. Daar is vandag beswaarlik 'n staatsbeheerde instelling wat op sy eie finansiële bene kan staan. Privatiseer staatsbeheerde instellings.”

Beeld se redaksionele kommentaar op 6 Desember 2016 verduidelik die Suid-Afrikaanse probleem die beste: “Aan die een kant is diegene wat glo aan die krag en welvaartskeppende voordele van deernisvolle kapitalisme en 'n vrye mark waar entrepreneurs kan floreer. Maar dan is daar baie wat glo transformasie is onmoontlik sonder 'n inmengende, sentraliserende ontwikkelingstaat. Dié seine maak beleggers skugter en maak deure oop vir staatskaping en korrupsie.”

Die sakeman Dr Christo Wiese, het 'n sterk groei vir die ekonomie bepleit by 'n konferensie van die FW De Klerk Stigting op 2 Februarie 2017. Sy ideaal van 'n vryemark het so min as moontlik regeringsinmenging en moet mense die geleentheid gebied word om ten volle al die voordele van die ekonomie te benut. Statistiek wat Dr Wiese aangehaal het dui daarop dat die “swart middelklas groei en vandag verantwoordelik is vir die meeste aankope van nuwe motors en selfone, lidmaatskap van mediese fondse, versekeringspolisse en dat bykans alle jeugdige geletterdheidsvlakke bereik. “Die swart middelklas het van minder as 'n miljoen mense in 1994 tot 6 miljoen gegroei. Die oorgrote meerderheid het dié status self in die privatektor bereik.” (Netwerk24)

Suid-Afrika is egter vandag die beste voorbeeld van die gevolge van 'n staat wat inmeng in elke faset van ons samelewing met katastrofiese gevolge. 'n Leser skryf onlangs in 'n brief aan Beeld, wat ook na ons kantore gestuur is: “Sonder die opheffing van minder bevoorregtes sal 'n menswaardige bestaan nie bereik kan word nie tensy daar by die wat het, geneem, en van die wat nie het nie, weggevat word. Dit sal egter hoegenaamd nie die probleem oplos nie. Dit is dringend noodsaaklik dat ons in Suid-Afrika verstaan wat ware opheffing of ontwikkeling van mense beteken. Daar is nie 'n manier waarop die verkleining van die gaping die ekonomiese welsyn van mense op die lange duur kan bewerkstellig nie. Dan moet daar nog bygevoeg word die verwringing van die landse ekonomie indien daar van die entrepreneur weggeneem word om aan mense te gee wat hoegenaamd nie in staat is om dit te hanteer nie. In hierdie verband is die ervaring met die toekenning van plase aan onopgeleide opkomende boere 'n voorbeeld.”

Daar kan nie van die entrepreneur weggeneem word om aan mense te gee wat hoegenaamd nie in staat is om dit te hanteer nie.

Hy sluit sy brief af met die wekroep tot elkeen van ons: “Laat ons benadering wees die uitbou van gemeenskaplike welvaart deur die bevordering van alle sektore van die samelewing nie deur by die een weg te neem om aan die ander te gee nie, maar 'n benadering waardeur almal in staat te gestel word om 'n menswaardige bestaan uit te kerf.” ❖

Kontakbesonderhede vir die Afrikanerbond
hoofkantoor@abond.co.za
www.afrikanerbond.co.za

Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006
Tel: (011) 782-8569 of (011) 782-8627
Faks: (011) 782-1190